# e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

**1 November 2012**
**Jaargang 5 – Uitgawe 39**


## In hierdie uitgawe


- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad


**Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!**

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

# VOORBLAD

## Repliek op onlangse gebeure in die Hervormde Kerk

**Die afgelope twee Sondae het vier gemeentes van die Hervormde Kerk (Pietersburg, Premiermyn, Meyerspark en Stilfontein) op gemeentevergaderings besluit om hulleself "onafhanklik" te verklaar. Dit volg op soortgelyke stappe in Mei 2012 deur gemeentes Pretoria-Tuine, Theresapark en Grootvlei.**

**Na aanleiding hiervan berig *Rapport* (28 Oktober 2012) – heel onvanpas onder die opskrif *Hervorming gaan voort* – oor uitsprake wat dr Johan Otto, voorsitter van die steedsHervormers, in 'n onderhoud gemaak het. Op 31 Oktober verskyn 'n onderhoud met dr Otto in *Beeld*, waarvolgens hy nogmaals vals beskuldigings teen die Kerk maak. Dr Wouter van Wyk, sekretaris vir kommunikasie van die Hervormde Kerk, het die koerante gevra vir 'n geleentheid om die Kerk se kant van die saak te stel, en reageer op versoek van lidmate, ampsdraers en gemeentes op die jongste verwikkelinge.**

Wat tans in die Hervormde Kerk gebeur, is nie konstruktiewe *hervorming* nie, maar afbrekende en verdelende *kerkskeuring*. Dit is nie 'n *wekroep* tot gesprek nie, dis 'n *aanklag van kettery*. Dit is nie eerlike besinning *saam met* die Kerk nie, dis veroordelende posisionering *teenoor* die Kerk. Die effek is liefdelose, eiegeregtige skade aan die Hervormde Kerk.

Die steedsHervormers gee voor hulle afskeiding gaan oor teologie. Maar wanneer hulle sê wat hulle glo, sê hulle presies wat die hele Hervormde Kerk Sondag vir Sondag in die Apostoliese Geloofsbelydenis bely en wat deur die amptelike besluite van die Kerk bevestig word. So klink die verkondiging van die kansels in die Hervormde Kerk, so staan dit in talle kerklike geskrifte, in die Liedboek waaruit ons almal sing, en in die kategesehandleidings waarmee ons ons kinders leer wat die Kerk bely. Daarvan kan elke lidmaat van die Kerk op grond van sy eie ervaring in sy eie gemeente getuig. Dr Otto se beskuldigings oor wat *enkelinge* na bewering binne die konteks van 'n bosberaad sou gesê het, is ongetoets, het nooit gelei tot enige klagtes of skuldigbevinding aan leerdwaling nie, en is nooit op 'n Algemene Kerkvergadering (AKV) bespreek of besluit nie. Wat 'n individu by geleentheid sou kon sê (en dit geld vir dr Otto ook), is *nie* die teologie van die Hervormde Kerk *nie*, en kan *nie* dien as verskoning vir *kerk*skeuring *nie*.

Volgens die koerante beskuldig dr Otto en die steedsHervormers die AKV daarvan dat dit 'n teologie verkondig wat nie in ooreenstemming is met die Bybel en belydenisskrifte nie, en die evangelie van Jesus Christus verloën. Volgens hulle verkondig die AKV bevrydingsteologie wat voor Jesus se leë graf stop, wat die heil van die mensdom soek in sosiale geregtigheid, en wat nie ruimte laat vir 'n ewige lewe nie. **Dit is 'n blatante leuen.** Die vraag is eerder of die steedsHervormers se teologie slegs handel oor die strewe na my eie persoonlike redding. Want so 'n teologie is 'n blote vergeestelikte burgerlike godsdiens – dit sluit gerieflikheidshalwe ons rentmeesterskap vir ons woorde, keuses en dade *in ons eie wêreld* van ons geloof uit.

As die kerkskeuring dus nie werklik oor teologie handel nie, waaroor gaan dit dan regtig? Oor ideologie – oor die magsbelange van 'n bepaalde groep in die Kerk en in die samelewing. Dit blyk uit die steedsHervormers se eentonige gehamer op Besluit 54 van →

## Skakels

| | |
|---|---|
| Webblad van die Hervormde Kerk | **www.nhka.org** |
| *Die Hervormer* | **www.hervormer.co.za** |
| *e-Hervormer* | **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html** |

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

→ die 69ste AKV en hulle beswaar (sonder enige teologiese beredenering!) teen die nuwe besluit waarmee die Buitengewone AKV in 2011 Besluit 54 vervang het. Die steedsHervormers skeur die Kerk omdat hulle nie meer bereid is om hulle te onderwerp aan die oordeel van die bevoegde kerklike vergaderings nie. Die steedsHervormers beweer: *Die Kerk is nie ingelig nie. Die Kommissie is bevooroordeeld. Die Bemiddelingskomitee was nie neutraal nie.* Nee, dis nie waar nie. Dis die steedsHervormers wat nie wil luister nie; dis hulle wat aan die res van die Kerk wil voorskryf. Die Hervormde Kerk is ondergeskik aan die steedsHervormers se belange.

Dit is helaas nou ook nodig om te wys op die drietandvurkstrategie waarmee die steedsHervormers en hulle meelopers die afgelope jaar in die Kerk gewerk het. In die eerste plek het hulle gesprekke gevoer met die Kommissie, die Bemiddelingskomitee en ander kerkleiers, en onderneem om nie onkerkordelik op te tree of die Kerk te skeur nie (dr Otto het hierdie onderneming persoonlik nog op 11 Oktober 2012 aan die Kommissie van die AKV gegee, maar op 21 Oktober sy gemeente gelei om onkerkordelik van die Hervormde Kerk af te skei nadat hulle gemeente-eiendomme onkerkordelik aan ’n vereniging oorgedra is). In die tweede plek het hulle sinodale offergawes weerhou en agteraf separatistiese strukture geskep (die sogenaamde steedsHervormers Belydenisgroep, aparte kommunikasiemedia en ’n sentrale databasis, asook ’n sentrale bankrekening) waarmee hulle hulle eie belange *teenoor* die Kerk bevorder het. Hulle het ook prosesse aan die gang gesit om stilletjies gemeentelike eiendomme aan verskillende verenigings oor te dra. In die derde plek het hulle deurlopend deur middel van prokureursbriewe, dringende en dreigende hofaansoeke, en hofsake die funksionering van die Kommissie, die toepassing van die Kerkorde en die normale orde in die Kerk ontwrig. Hieruit blyk onomstootlik dat die steedsHervormers nooit die heil van die Hervormde Kerk op die hart gedra het nie, maar hulle eie belange ten koste van die Kerk.

Daar moet duidelik gesê word dat die Kerkorde nie voorsiening maak vir “onafhanklike gemeentes” nie, en lidmate wat so ’n besluit neem, sny hulleself van die Hervormde Kerk af. Maar meer nog: Die steedsHervormers sny hulleself nie net van die Hervormde Kerk af nie, maar ook van ander Reformatoriese kerke in die wêreld. Hulle isoleer hulleself sektaries: *net hulle* het die waarheid, alle ander Christene in die wêreld wat nie presies soos hulle bely nie, dwaal.

’n Laaste woord oor waarheid en leuens. Die steedsHervormers beskuldig die AKV dat hulle die oortreding van die negende gebod goedkeur en só die kern van die evangelie aantas. Die Kerk verwerp hierdie beskuldiging en neem skerp aanstoot. Maar ons hoor dikwels ook van leuens wat deur die steedsHervormers verkondig word om lidmate te manipuleer om hulle rug op die Kerk te draai en hulle eie onkerkordelike optrede te steun. Leuens soos dat *die Kerk se belydenisse verander gaan word na die Belhar-belydenis*, of dat *die Swartes ons kerk gaan vat, daarom moet ons dit aan ’n vereniging oordra*. Die spreekwoord sê *Al is die leuen ook hoe snel, die waarheid agterhaal hom wel*. Leuens is nie net verkeerd nie, dit is gevaarlik ook. Want wanneer dit blyk dat iets ’n leuen was, verloor ’n mens jou geloofwaardigheid.

Dit is tragies dat die finale breuk tussen die Hervormde Kerk en die sogenaamde steedsHervormers nou klaarblyklik onkeerbaar voltrek. Lidmate moet met groot omsigtigheid en fyn oordeel na die waarheid en die leiding van die Heilige Gees soek. Die geskiedenis sal oordeel oor wat nou tussen ons afspeel. Meer nog: Die Here sal oor ons oordeel. Mag Hy ons genadig wees.

**Dr Wouter van Wyk**

*** Vier gemeentes van die Hervormde Kerk (Pietersburg, Premiermyn, Meyerspark en Stilfontein) het hulleself die afgelope twee Sondae by wyse van besluite van gemeentevergaderings “onafhanklik” verklaar en hulle bande met die res van die Kerk verbreek, al het sommige lidmate hulle teenstem teen sulke besluite aangeteken. Die

Kerkorde maak nie vir sodanige afskeiding van gemeentes van die Kerk voorsiening nie, en die Kommissie van die AKV sal die saak formeel hanteer op hulle vergadering van 8 en 9 November 2012. Ds Frans Oosthuizen, dr Johan Otto en dr Malan Storm het ook as predikant bedank. Net soos die drie predikante wat vroeër vanjaar bedank het, geniet hulle dus nie langer die voorreg om in die Hervormde Kerk eredienste te lei, te preek, sakramente te bedien, ampsdraers te bevestig, belydenis van geloof af te neem, huwelike te bevestig, begrafnisdienste te hou, of vergaderings te lei nie.

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed aan **produksie@nhk.co.za**.

Ds Oppies (Stefan) Opperman

- **Ds Oppies (Stefan) Opperman** is op 8 Oktober met 'n rugbesering van Afganistan af ingevlieg na Suid-Afrika, en moes 'n rugoperasie ondergaan. Hy is intussen ontslaan, maar is na 'n terugslag weer in die hospitaal opgeneem en moet nog 'n operasie kry. Ons wens hom spoedige en algehele herstel toe.

- Die volgende **besluite** is onder meer geneem tydens die **Kommissie van die AKV** se vergadering op 11 en 12 Oktober 2012:

  - **Ds Tharina Steenkamp** se aansoek om losmaking van haar standplaas **(Potchefstroom)** met behoud van ampsvoorreg is goedgekeur met onmiddellike effek.
  - **Dr Johan Nel** se aansoek om losmaking van sy standplaas **(Bloemfontein)** met behoud van ampsvoorreg is goedgekeur met ingang van 1 Januarie 2013.
  - **Dr Wim Dreyer** word vanaf 1 Januarie 2013 aangestel in voltydse hoedanigheid as dosent in Kerkgeskiedenis by die Fakulteit Teologie.
  - **Gemeente Derdepoort** se aansoek om hul standplaas te wysig van volsorg na deeltyds is goedgekeur. **Drr Wim Dreyer en Christo van der Merwe** is versoek om die proses in oorleg met die Ringskommissie van die ring van Noordelike Pretoria te fasiliteer.
  - Die **Kroonstad/Virginia-kombinasie** het vanaf 1 September 2012 ontbind. Die Kommissie verleen goedkeuring dat die subsidie wat aan Virginia toegeken is vanaf 1 September 2012 sal oorgaan na Kroonstad.
  - **Gemeente Potchefstroom** se aansoek om hul deeltydse standplaas op te hef, is goedgekeur.
  - **Gemeente Pretoria-Noord** se aansoek om hul standplaas af te skaal na deeltyds is goedgekeur. Die gemeente se ooreenkoms met **ds Willem Slabbert** is verleng met 'n verdere drie maande.

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

- Die **Bybelgenootskap van Namibië** se finansiële boekjaar sluit op **31 Desember**. Gemeentes in die **ring van Dorsland** word vriendelik versoek om hul bydraes aan die Bybelgenootskap **teen einde Desember** oor te betaal. Die deurkollektes van Hervormingsondag (28 Oktober) moet asseblief saam met bogenoemde teen einde Desember oorbetaal word. Die bydraemikpunt soos vasgestel deur die AKV is R35 per belydende lidmaat. Die **bankbesonderhede** is soos volg: Bybelgenootskap van Namibië, Bank Windhoek, takkode 482172, rekening nommer 113 125 2201. Gemeentes moet hul **naam** (NH Windhoek) as verwysing gebruik wanneer oorbetalings gemaak word. Indien oorbetalings nie direk in die bankrekening van die Bybelgenootskap gedoen kan word nie, kan dit gepos word na Privaatsak 13294, Windhoek. Ds Barnie van der Walt kan by 061 235 090 of 081 127 1694 geskakel word indien daar enige navrae is, of stuur 'n e-pos aan **gensec@nambible.org.na**.

- **NHSV: Beurse en lenings vir 2013.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R2 000 tot

R6 000. Aansoekvorms kan afgelaai word by die NHSV se nuwe webadres, **www.nhsv.org.za**, onder NHSV kantoor, pro-forma dokumente. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2012**. **Geen laat aansoeke word aanvaar nie.**

- Talle van die Kerk se **emeriti** wil graag die **kerklike tydskrifte** (*Konteks* en *Die Hervormer*) en die *Almanak/Bybelse Dagboek* ontvang maar kan dit nie bekostig nie. Lesers wat bereid is om 'n **bydrae** te maak sodat die publikasies gratis aan emeriti voorsien kan word, kan hul bydrae inbetaal by die volgende bankrekening: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020-000-287; takkode 632-005; verwysing SENTIK-EM.

- Die besending **Kerkbybels** wat teen net R100 elk beskikbaar was, is **uitverkoop**, maar SENTIK bied nou 'n verdere hoeveelheid aan teen **R140 elk** (posgeld uitgesluit), solank die voorraad hou. Vanaf 1 Januarie 2013 sal die Kerkbybel weer teen R200 (posgeld uitgesluit) verkoop word. Bestel van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos **sentik@nhk.co.za**.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@yahoo.com**.

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Dullstroom: 2-4 November**
  **Viering van 125ste bestaansjaar**
  (Gestig 2 November 1887)
  Oudlidmate, oudpredikante en konsulente
  kan foto's/ervarings/gelukwensings stuur
  Almal welkom om saam te kom feesvier
  Navrae aan Johanna Pieterse by 072 116 3353

- **Gemeente Pretoria-Oos: 2-4 November**
  **60-jaar-viering**
  Alle oudlidmate welkom
  Nagmaal Sondagoggend
  Feeskonsert Sondagmiddag (sien bladsy 6)
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 012 460 8441

- **Gemeente Sasolburg: Sondag 11 November om 09:00**
  **Erediens en Nagmaal met gebaretaal**
  Gelei deur ds Jan-Harm Barkhuizen van Gemeente Weskus
  Met vorige uitreik is 11 kopieë van die Bybel vir almal (Bybel vir dowes) aan dowes en hardhorendes geskenk
  Alle gehoorgestremdes word uitgenooi na die erediens
  Navrae aan Mardi of Schalk Jacobs by 083 233 3837 of 083 236 3663

- **Gemeente Glencoe: Vrydag 7 Desember: Tyd later bekend**
  Buitediens op walle van die Wasbankrivier, distrik Glencoe,
  waar die Gelofte die eerste keer afgelê is
  Kliplegging na die diens
  Almal welkom
  Bring 'n klip van jou omgewing saam met die naam van jou gemeente
  Kontak ds Pieter Bester by 082 899 6564 / 034 212 1815
  **pieterbester@telkomsa.net**

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 9 November, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 1 November: Ds Roelf Coertze (emeritus)
  - Vrydag 2 November: Ds Naas Lombard (Suidoos-Witbank)
  - Saterdag 3 November: Di Petrus Harmzen (Gerdau/Hartbeesfontein) en Hennie Retief (beroepafwagtend)
  - Sondag 4 November: Di Hennie Botha (emeritus), Gerhard Kruger (Zwartruggens) en Gerhard Viviers (Laeveld)
  - Dinsdag 6 November: Di Thys Redelinghuys (beroepafwagtend) en Wikus van der Merwe (emeritus)
  - Woensdag 7 November: Di Fanie Beukes (Wesmoot) en Dirk van Rooyen (Belfast/Waterval Boven)
  - Vrydag 9 November: Ds Hannes Wolmarans (Secunda)

## Beplande vergaderings

- Saterdag 3 November: NHSV Dagbestuur
- Dinsdag 6 November: Die Ondersteuningsraad (Operasionele Komitee)
- Woensdag 7 November: Komitee vir Ouderlinge
- Donderdag 8 November: Kommissie van die AKV
- Vrydag 9 November: Kommissie van die AKV
- Saterdag 10 November: Kommissie van die ADV

## Kursusse en toerusting

- **Gemeente Montana: Vrouekonferensie**
  **Saterdag 3 November 09:00 tot 15:00, registrasie 08:30**
  *Vrugte van die Gees – hoe leef ek as vrou dit uit?*
  Spreker: Belinda Moser van Radio Kansel
  R100 per persoon (verversings en ligte middagete ingesluit)
  Geskenkpakkies en pryse te wen
  Uitstallers se produkte te koop
  Navrae aan Esme Taljaard by 087 802 1109 of **nhkmontana@gmail.com**

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  **Dinsdag 6 en Woensdag 7 November**
  Tema: *Missionale Diakonaat. Saam in diens met verstand, hart en hand*
  By Gemeente Wapadrant
  Koste **R320** per persoon
  Navrae aan mev Betsie Brits by **betsie.brits@up.ac.za** of 012 420 5393
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Kerkgeld vir Kerkwerk; ABSA; rekening nommer 020 149 752; kode 63 20 05
  Verwysing 2013K VTT (gevolg deur naam van kursusganger)

## Beskikbare behuising

- **Ons Tuis (Riviera)**
  **Tehuis vir versorging van verswakte bejaardes**
  Volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - 24-uur mediese versorging
  - 3 maaltye per dag
  - Sekuriteit
  - Gereelde sosiale aktiwiteite

  Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623
  Aansoekvorms kan afgetrek word van **www.otmt.org**
  of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms te stuur

## Konserte en feeste

- **Sondag 4 November om 16:00: Gemeente Pretoria-Oos**
  ***Songs of Praise*** met Richard Cock
  hv Dely- en Matroosbergweg, Waterkloofpark
  Ter viering van gemeente se 60ste bestaansjaar
  Eddie Davey, Pieter van den Berg, Laerskool Constantiapark, Laerskool Pretoria-Oos
  Kaartjies slegs by gemeentelike kerkkantoor beskikbaar
  Skakel 012 460 8441 gedurende kantoorure
  Kontak 012 460 8441 / 072 041 3954 met navrae

- **Sondag 18 November 15:00 tot 17:00: Gemeente Johannesburg-Wes**
  **Katedraal** – orreluitvoering wat vol sale by KKNK getrek het
  Ockie Vermeulen, befaamde orrelis en kurator van UNISA se orrel
  Ander gaskunstenaars
  Tenbystraat-Suid 15A, Westdene, Johannesburg
  R100 per persoon
  Kontak Johann by 011 888 9190 of 082 628 6077

## Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013: 19-21 April**
  Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé
  R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 of **stef1@absamail.co.za**

## Sportbyeenkomste

- **Dinsdag 6 November: Gemeente Noordwestelike Pretoria**
  **Gholfdag**
  Akasia-gholfklub
  R1 120 (aandete ingesluit) per vierbal of R280 per speler
  Borg ’n putjie teen R1 800 – sluit vierbal in
  Navrae aan ds Stephen de Beer by **gsdebeer@gmail.com**

- **Saterdag 10 November: Gemeente Bronkhorstspruit: Hengelkompetisie**
  Vlooikopdam
  R100 per hengelaar met 2 stokke
  Eerste prys: Slagos, nog groot pryse
  Navrae aan Frans le Roux by 082 8921325
  of Agom Prinsloo by 072 345 2025

- **Vrydag 23 November: Gemeente Vaalpark: Gholfdag**
  12de jaar!
  Emfuleni-gholfbaan, Vanderbijlpark
  R1 400 per 4-bal (sluit in baanfooie en aandete)
  Spelers wat onder die eerste 30 eindig (hoogste punte), kwalifiseer vir ’n prys
  Kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of Johann Hugo by 082 920 9455

## Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
  Dra by tot die gemeente se boufonds
  SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
  Fondse word gebruik om die geboue te herstel
  Meer as een SMS is baie welkom
  Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158

- **Gemeente Hartebeeshoek: Fotokompetisie**
  Tyd om kameras op te neem en te begin soek na *VOETE* en/of *SKOENE*
  Tema: *In sy voetspore*
  Reëls en voorwaardes geld
  Goeie pryse met professionele beoordeling
  Kontak Theresa Oosthuizen by **theresa@northernfoods.co.za**

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000 Wen-’n-boerdery en Noag-se-ark**
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  ’n Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir ’n pakket ter waarde van R55 000
  Elke kaartjie kos R100 – met verkope van elke R100-kaartjie kry u R90 en betaal slegs R10 vir die geleentheid.
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Trekking eers in Oktober 2013
  Die gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau bied reeds drie jaar lank die kompetisie aan
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Doen oorplasing van R5 000 aan NH Kerk Hartbeesfontein,
  Nedbank, rekening nommer 171 700 3605, tak 171738
  E-pos of faks betalingsbewys aan Barry en Marthie
  Met ontvangs van bewys van betaling
  versend hulle u pakket van 50 kompetisieboekies.
  Na verkope of op 1 Oktober 2013 stuur u die boekies terug aan Barry en Marthie
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

## Basaars en markte

- **Vrydag 2 November: Gemeente Benoryn: Kers-nagmark**
  17:00 tot 21:00
  hv Struben- en De Miststraat, Rynfield, Benoni (langs Linmed-hospitaal)
  Pannekoeke, boereworsrolle, vetkoeke, kerrie-en-rys, skaappotjie (bestel vooraf vir die potjie)
  Koop al jou Kersversierings en geskenke by ons!
  Kinders kom gooi jul briefies vir Kersvader in ons posbus
  Kom geniet aand onder die sterre
  Navrae en kosbestellings aan ds Marlize Gasson by 072 117 0317 of 011 849 1179

- **Saterdag 3 November: Gemeente Koster: Kersmark**
  Op kerkterrein in Sauerstraat, Koster
  Van 08:00 tot na middagete
  Sanger Henry van Dyk
  Genoeg te koop in verskillende prysklasse
  Geskenke: lekkernye, juwele, naaldwerkitems, skilderye,
  versierings vir binne en buite die huis, Persiese matte, speelgoed,
  u spesiale foto met u naam se betekenis daarby,
  drukwerk op hemde of koffiebekers, borduurwerk, handsakke, serpe...
  Vleistafel met kwaliteit en billike pryse
  Al die tradisionele eet- en drinkgoed
  Middagete: skaap op die spit met slaai en varsgebakte brood
  Teetuin heeldag beskikbaar, volop parkering
  Navrae aan dr Elmie Castleman by 014 566 1447

- **Saterdag 3 November en elke eerste Saterdag van die maand daarna Gemeente Rustenburg: Gesinsmark**
  09:00 tot 15:00
  By tweede kerkterrein te Rhenosterfontein, buite Rustenburg
  Slegs handgemaakte produkte, vars produkte uit die grond
  en items wat Trots Suid-Afrikaans is
  Gaskunstenaars, aktiwiteite en stalletjies wat kinders betrek
  Nog enkele stalletjies beskikbaar
  Vir meer besonderhede, kontak Mari by 084 208 7445

- **Saterdag 1 Desember: Gemeente Ventersdorp: Minibasaar**
  09:00 tot 14:00
  Baie vleis vir die Kersvakansie
  Veel te eet en drink
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245
  of ds Marius Jansen van Vuren by 072 850 4960 of 018 264 2236

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Februarie 2013: Gemeente Nelspruit Maroela-karnaval 2013**
  Vrydag 14:00 tot 22:00, Saterdag 08:00 tot 22:00
  Terrein van Hoërskool Bergvlam, Nelspruit
  R50 per persoon (vir een of albei dae, kinders onder 12 gratis)
  Navrae en kaartjies: 013 741 1455

## ANDER NUUS

- **Transoranje-skool vir Dowes: Kersmark**
  **23 November tot 2 Desember**
  Tshwane Events Centre, Saal L, ingang hek P8 in Kerkstraat

Gratis toegang, kaartfasiliteite, 300 uitstallers, teetuin
Fondse ten bate van die kind met doofheid

- **STEEDS BESKIKBAAR!**
  **Vakatures vir onderwysposte**
  Privaatskool met 210 leerlinge
  100 km noord vanaf Polokwane, Alldays-rigting
  1. Onderwyser in Engels (Tweede Taal) grade 8-12
  2. Onderwyser in Wiskunde
     Basiese onderwyskwalifikasies – Wiskunde vir graad 12

  **Aanvangsdatum: Januarie 2013**
  *Posvereistes:*
  - Erkende onderwyskwalifikasie noodsaaklik; matriekondervinding sal voordeel wees
  - Bewese ondervinding in aanbieding van die vakke
  - Beginselvaste, belydende lidmaat van een van dié 4 Kerke: Hervormd, Gereformeerd, NG, APK
  - Getuigskrif van predikant
  - Onderrig in Afrikaans

  Verblyfeenhede op perseel vir gebruik van personeel
  Wanneer alle eenhede vol is, sal ander verblyf gereël word
  Stuur CV en getuigskrif van predikant na **global@workforceworldwide.com**
  Navrae aan Janet Lourens van Workforce Worldwide by 011 532 0000

## Beeld-Kinderfonds 2012

- **KOMPETISIE: Sluitingsdatum Sondag 4 November**
  Koop 'n kaartjie vir **R25** (R12,50 word aan elke deelnemende welsynsorganisasie terugbetaal), en wen dalk 'n Peugeot 107 Trendy ter waarde van R127 900. Kaartjies beskikbaar by **die Ondersteuningsraad** en die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria. Kontak Ansie Cromhout of Susan Moore by 012 322 8885.

- **Beeld-Kinderfonds KERSKONSERT**
  **Woensdag 28 November**
  Moreletapark-gemeente
  Juanita du Plessis, Manie Jackson, Joe Niemand, Nadine en ander
  **Kaartjies R75, R100 en R150**
  Bespreek by **iTickets.co.za** of per telefoon by 086 100 0291
  **Ete vooraf teen R115 – bespreek by info@beeldkinderfonds.co.za of 073 749 2697**

## Advertensies in die *e-Hervormer*

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

Adverteerders moet asseblief daarvan kennis neem dat die **laaste uitgawe van die *e-Hervormer* vanjaar op Donderdag 29 November** verskyn, en die **eerste uitgawe van 2013 op Donderdag 17 Januarie**.

# KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Vergun my asseblief om dr Daan van Wyk (jr) geluk te wens met 'n skitterende inleidingsartikel in die vorige *e-Hervormer*. Dis so netjies, so weldeurdag en so korrek. Dankie daarvoor."

**Prop Elritia le Roux**

"Word wakker, lidmate! Staan op! Dinge het verander en verander steeds. Dit maak my baie hartseer dat ons Kerk se wasgoed in die openbaar gewas word. Dit voel vir my of elkeen besig is om *empire* te bou. Dit gaan tog oor die uitbou van God se koninkryk waarvan ons almal voorbeelde is, of hoe? Daar is soveel ongeregtigheid, swaarkry en hartseer in hierdie wêreld – laat ons die hoop wees waarna ander mense smag. Gaan maak jy 'n verskil!"

**Jandré Bornman, Gemeente Pretoria-Oos**

"Ek het groot waardering vir dr Daan van Wyk (jr) se hoofartikel en het veral twee aanhalings waarop ek kommentaar wil lewer. Ten opsigte van *Skrifbeskoulik fundamentalistiese aanslag* is dit duidelik dat daar in terme van hedendaagse wetenskap ander insigte oor die Bybelteks is. Dit raak geensins die essensie van die Woord nie, maar maak insigte oop wat meer perspektief tot die verstaan van die Bybelse boodskap het.

En die tweede aanhaling: *...moet ons maar saam tot bekering kom*. Is dit nie die welaangename tyd daarvoor nie!" (Skrywe verkort – volledige bydrae in *Die Hervormer* Desember 2012)

**Dr Ernie Jacobson**

"Kan daar asseblief 'n bietjie nuus-lewe in die *e-Hervormer* geblaas word? Dit het stelselmatig verander in eentonige kennisgewings (en verjaardae!). Vertel ons meer van gebeure en interessanthede in ons Kerk. Hou ons op die hoogte van hoe die Kerk poog en vorder om die onmin in die Kerk te oorbrug. Maak die *e-Hervormer* die draer van vars nuus aan gewone lidmate van die Hervormde Kerk. Moet lidmate asseblief nie na die Kerk se maandblaaie, webblad, Facebook of Twitter verwys nie – dit is bykomende bronne. 'n Weeklikse nuusbrief moet vars en nuttige nuusdekking bevat, andersins is dit geen nuusbrief nie." *(Bydrae verkort)*

**Len Loader, Gemeente Bellville**

# AGTERBLAD

## Kerkhistoriese Genootskap

**Die Kerkhistoriese Genootskap het op 31 Oktober hul jaarlikse byeenkoms by Gemeente Pretoria gehou. Dit was hul 39ste Kongres.**

Die opening is waargeneem deur prof Schalk Botha, met die tema *Die Godsbegrip – Reformatoriese perspektiewe.* Daarna het prof Natie van Wyk van AIM gepraat oor *'Die eerste gebod en die God van die eerste gebod' met verwysing na Philipp Melanchthon en Zacharias Ursinus.* Prof Callie Coetzee van die Noordwes-Universiteit was aan die woord oor *Die Godsbegrip soos dit deur die Heidelbergse Kategismus begrond en bely word*.

Die nuwe bestuur bestaan uit drr Christo Pretorius, Kálmán Papp en prof Schalk Botha.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx